KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06

ONGEOUDITEERDE GROEPSRESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2020

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die rekeningkundige beleid wat gevolg is by die voorbereiding van die Ongeouditeerde tussentydse Groepsresultate is dieselfde as dit wat gegeld het, en beskryf is, in die Geouditeerde Finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020. Daar was geen verandering in beleid of interpretasie toegepas deur die Groep, sedert 1 Maart 2020, wat 'n wesenlike impak op die Groep se resultate of finansiële posisie het nie.

FINANSIËLE OORSIG

Die verdienste van R26.7 miljoen, vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2020, verbeter met 9.4% vergeleke met die ooreenstemmende periode van die vorige jaar.

Die verbeterde Groepsresultate word hoofsaaklik toegeskryf aan die goeie prestasie van Carpe Diem Raisins met hoër verkoopsvolumes en verswakkende wisselkoers asook die Handelsafdeling en KLK Petroleum. Die impak van die grendelstaat in reaksie op die ramptoestand verklaar in Maart 2020 het tot ongekende bedryfsonderbrekings gely in veral Kleinhandelbrandstof, Build It en die Motorafdeling. Die voortslepende droogte in die Noord Kaap word weerspieël in die skerp daling van slaggetalle wat 50% laer is terwyl vleispryse ongeveer 20% hoër is as die ooreenstemmende periode van die vorige jaar. SA Dorper se resultate is negatief geraak deur die beperkte uitvoer- en internasionale vraag na huide en velle.

Die Groepsinkomste het met 6.6% afgeneem tot R1 265.8 miljoen, ondanks hoër inkomste deur Carpe Diem Raisins.

Die netto bedryfskapitaal het vanaf 29 Februarie 2020 met R66.1 miljoen vermeerder en is saamgestel uit 'n R20.1 miljoen afname in voorraad, terwyl handelsdebiteure met R103.5 miljoen en krediteure met R17.1 miljoen toegeneem het. Die kontantposisie van die Groep het met R108.9 miljoen tot 'n negatiewe R51.2 miljoen verswak, hoofsaaklik as gevolg van die hoër debiteure by Carpe Diem, asook die verkryging van die addisionele belang in Carpe Diem.

VOORUITSIGTE

Die Direksie verwag dat handels- en landboutoestande gedurende die tweede ses maande-periode sal verswak maar voorsien dat die verkryging van 'n addisionele 30% belang in Carpe Diem Raisins op 31 Julie 2020 die negatiewe impak sal teenwerk en mag voljaarwinste moontlik in lyn wees met die vorige jaar.

DIVIDENDE

Geen tussentydse dividend word verklaar nie aangesien dit maatskappybeleid is om slegs 'n eenmalige dividend na die afhandeling van die finansiële jaar te oorweeg.

Met volmag van die Direksie op 2 Oktober 2020.

JS Marais
Voorsitter

JPN Stander
Vise-voorsitter

SD van Huyssteen
Besturende Direkteur

DIREKTEURE

JS Marais (Voorsitter/Chairman), JPN Stander (Vise-voorsitter/Vice-Chairman), A Human (Finansieel/Financial), VJ Klein, AR Kotzè, CF Kruger, JDM Minnaar, GC Olivier, F Strydom, SD van Huyssteen (Besturend/Managing).

GEREGISTREERDE KANTOOR

Adres: Karakoelstraat 14, Upington 8801
Posadres: Posbus 86, Upington 8800
Telefoon: 054 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2020

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Ongeouditeer 31 Augustus 2020 R'm	Ongeouditeer 31 Augustus 2019 R'm	Geouditeer 29 Februarie 2020 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	276.4	261.9	272.1
Reg-op-gebruik van bates	28.4	-	22.8
Beleggingseiendomme	1.1	1.1	1.1
Klandisiewaarde	32.0	32.0	32.0
Uitgestelde belasting	14.7	11.2	11.9
	352.6	**306.2**	**339.9**
Bedryfsbates			
Voorraad	265.1	356.3	285.2
Handels- en ander debiteure	241.1	177.1	137.6
Kontant- en kontantekwivalente	41.1	67.8	93.3
	547.3	**601.2**	**516.1**
Totale bates	**899.9**	**907.4**	**856.0**
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Ekwiteit			
Aandelekapitaal	17.1	17.2	17.1
Verdeelbare reserwes	413.4	371.6	398.7
	430.5	388.8	415.8
Buiteaandeelhouersbelang	84.7	131.1	139.9
	515.2	**519.9**	**555.7**
Nie-bedryfslaste			
Uitgestelde belasting	28.0	19.5	22.8
Langtermynlenings	17.5	25.7	17.5
Huurverpligtinge: Reg-op-gebruik bates	25.4	-	20.0
Uitgestelde staatsubsidie	10.5	12.2	10.5
	81.4	**57.4**	**70.8**
Bedryfslaste			
Bankoortrekkings	92.3	128.2	35.6
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	3.1	1.7	6.0
Korttermyngedeelte van Huurverpligting: Reg-op-gebruik van bates	2.7	-	4.5
Korttermyngedeelte van uitgestelde staatsubsidies	3.1	0.6	1.5
Handels- en ander krediteure	202.1	199.6	181.9
	303.3	**330.1**	**229.5**
Totale laste	**384.7**	**387.5**	**300.3**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**899.9**	**907.4**	**856.0**

Die Reg-op gebruik van bates (IFRS16 standpunt) was nog nie teen Augustus 2019 verantwoord nie

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2020

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ongeouditeer 31 Augustus 2020 R'm	Ongeouditeer 31 Augustus 2019 R'm	Geouditeer 29 Februarie 2020 R'm
Verkope	1 265.8	1 355.7	2 545.9
Koste van verkope	(1 017.1)	(1 111.8)	(2 069.4)
Bruto wins	**248.7**	**243.9**	**476.5**
Ander inkomste	15.4	13.6	21.0
Uitgawes	(201.2)	(198.2)	(380.4)
Bedryfswins	**62.9**	**59.3**	**117.1**
Beleggingsinkomste	4.1	3.8	6.8
Finansieringskoste	(7.7)	(5.3)	(12.6)
Wins voor belasting	**59.3**	**57.8**	**111.3**
Inkomstebelasting	(16.6)	(17.6)	(34.1)
Wins na belasting	**42.7**	**40.2**	**77.2**
Ander omvattende inkomste	-	-	-
Totale omvattende inkomste	**42.7**	**40.2**	**77.2**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die houermaatskappy	26.7	24.4	51.6
Buiteaandeelhouersbelang	16.0	15.8	25.6
	42.7	**40.2**	**77.2**

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2020

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Verandering in eienaarskap R'm	Aandele-kapitaal R'm	Reserwes R'm	Totaal R'm	Buiteaandeel-houersbelang R'm	Totale Ekwiteit R'm
Saldo op 1 Maart 2019	**(0.3)**	**17.2**	**360.0**	**376.9**	**121.8**	**498.7**
Omvattende inkomste vir die tydperk	-	-	24.4	24.4	15.8	40.2
Uitreiking van aandele	-	-	-	-	-	-
Dividende	-	-	(12.5)	(12.5)	(6.5)	(19.1)
Saldo op 31 Augustus 2019	**(0.3)**	**17.2**	**371.9**	**388.8**	**131.0**	**519.9**
Omvattende inkomste vir die tydperk	-	-	27.1	27.1	9.9	37.0
Dividende	-	-	-	-	(1.0)	(1.0)
Aandele teruggekoop	-	(0.1)	-	(0.1)	-	(0.1)
Saldo op 1 Maart 2020	**(0.3)**	**17.1**	**399.0**	**415.8**	**139.9**	**555.7**
Omvattende inkomste vir die tydperk	-	-	26.7	26.7	16.0	42.7
Verhoging van belang in filiaal	(12.0)	-	-	(12.0)	(71.2)	(83.2)
Saldo op 31 Augustus 2020	**(12.3)**	**17.1**	**425.8**	**430.5**	**84.7**	**515.2**

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2020

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2020 R'm	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2019 R'm	Geouditeer 12 maande geëindig 29 Februarie 2020 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant gegenereer deur bedrywighede	20.5	(82.3)	85.5
Beleggingsinkomste	4.1	3.8	6.8
Finansieringskoste	(7.7)	(5.3)	(12.6)
Belasting betaal	(18.5)	(11.3)	(26.8)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**(1.6)**	**(95.1)**	**52.9**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(14.6)	(30.1)	(50.6)
Verkryging en verhoging van belange in filiale	(83.2)	0.1	-
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	0.3	0.5	1.4
Verkoop van beleggingseiendom	-	2.1	2.1
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(97.5)**	**(27.4)**	**(47.1)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Aandele teruggekoop	-	-	(0.1)
Staatsubsidie ontvang	3.0	1.9	1.9
Verkryging/(terugbetaling) van langtermynlenings	(2.8)	16.2	10.5
Betaling van huurverpligtinge	(10.0)	-	(3.6)
Dividende betaal	-	(19.1)	(20.1)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**(9.8)**	**(1.0)**	**(11.4)**
Totale toename/(afname) in kontanten kontantekwivalente vir die jaar	**(108.9)**	**(123.5)**	**(5.4)**
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	57.7	63.1	63.1
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**(51.2)**	**(60.4)**	**57.7**

Die Reg-op gebruik van bates (IFRS16 standpunt) was nog nie teen Augustus 2019 verantwoord nie

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2020

WESENSVERDIENSTE

	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2020 R'm	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2019 R'm	Geouditeer 12 maande geëindig 29 Februarie 2020 R'm
Toeskryfbare wins	26.7	24.4	51.6
(Wins)/Verlies met die verkoop van bates	0.1	(0.3)	-
Billikewaarde-aansuiwerings	-	-	(1.5)
Wesensverdienste vir die tydperk	26.8	24.1	50.1

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE EN STATISTIEK

Aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 175	17 181	17 175
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 175	17 181	17 178
Basiese verdienste per aandeel	(sent)	155.2	141.9	300.2
Wesensverdienste per aandeel	(sent)	155.8	140.2	291.7
Netto batewaarde per aandeel	(sent)	2 506.7	2 263.0	2 420.6

VERKLARING VAN BYSTAND VERLEEN AAN VERWANTE EN INTERVERWANTE MAATSKAPPYE EN FILIALE

Aandeelhouers word hiermee in kennis gestel dat, in ooreenstemming met artikel 45 van die Wet, die Maatskappy in terme van 'n spesiale besluit van aandeelhouers verleen by die 2020 Algemene Jaarvergadering op 21 Julie 2020, besluit het om finansiële bystand aan verwante of interverwante maatskappye van die Maatskappy toe te staan soos bedoel in artikel 45(5) van die Wet.

In terme van artikel 45(5) van die Wet, word aandeelhouers verder in kennis gestel dat die Direksie tevrede is, onderworpe aan die bepalings van die direksiebesluit en opvolgende magtiging, dat:

- onmiddellik na die verskaffing van finansiële bystand, die maatskappy sal voldoen aan die vereistes van die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 4 van die Wet; en

- die terme waaronder die voorgenome finansiële bystand verleen sal word, regverdig en redelik vir die maatskappy sal wees en aan al die toepaslike vereistes en beperkings ten opsigte van finansiële bystand, soos uiteengesit in die AVO, voldoen word ooreenkomstig artikel 45(4) van die Wet.

Die Maatskappy het die volgende bedrae as lenings of finansiële bystand aan sy filiaalmaatskappye en verwante partye verleen vir die periode **1 Maart 2020 tot 31 Augustus 2020:**

Aard van bystand	**Balans 29 Feb. 2020**	**Toegestaan deur die jaar**	**Balans 31 Aug. 2020**
Lenings ten gunste van:	**R**	**R**	**R**
Carnarvon Abattoir (Edms.) Bpk.	374 557	243 841	-
Gordonia Motors (Edms.) Bpk.	-	2 032 124	-
Jaagvlak Motors (Edms.) Bpk.	-	1 775 162	-
Majestic Silver Trading 60 (Edms.) Bpk.	1 940 327	146 301	2 086 628
Meat Trust (Edms.) Bpk.	-	49 882	49 882
Oranje Meganies (Edms.) Bpk.	-	6 615 031	1 839 648
KLK Petroleum (Edms.) Bpk.	-	244 050 789	65 261 327
Ramskop Abattoir (Edms.) Bpk.: Wentelkrediet	11 298 059	33 135 506	9 860 682
Ramskop Abattoir (Edms.) Bpk.: Lening	1 960 548	2 500 000	4 460 548
Upington Abattoir (Edms.) Bpk.	14 263 258	88 860 949	12 038 859
Totaal	**29 836 749**	**379 409 585**	**95 597 574**

Let wel: Geen terugbetalings vanaf die filiaalmaatskappy word in ag geneem nie.

Aard van bystand	**Balans 29 Feb. 2020**	**Verhoog in die jaar**	**Balans 31 Aug. 2020**
Waarborge ten gunste van:	**R**	**R**	**R**
ABSA vir KLK Landbou Bpk.	10 000 000	-	10 000 000
First Rand Bank t.o.v. Carpe Diem Raisins	97 575 500	58 545 300	156 120 800
Standard Bank t.o.v. SA Dorper	5 600 000	-	5 600 000
Standard Bank t.o.v. SA Dorper Properties	4 865 000	-	4 865 000
Caltex deur ABSA	450 000	-	450 000
Engen Petroleum deur ABSA	200 000	-	200 000
Total SA deur ABSA	20 000	-	20 000
Eskom	1 800	-	1 800
Suid-Afrikaanse Inkomstediens	340 000	-	340 000
Totaal	**119 052 300**	**58 545 300**	**177 597 600**

Hierdie kennisgewing dui aan dat die Maatskappy van mening is dat daar voldoen is aan die kennisgewingsvereistes in terme van die Wet. Die Maatskappy beklemtoon dat die verlening van finansiële bystand tussen verwante en interverwante maatskappye standaardpraktyk is wat jaarliks konsekwent toegepas is deur die KLK Landbou Beperk.